# Gekleurde water & balle



## Benodighede:

1. Deurskynende houers
2. 3 Verskillende kleure kleursel
3. 3 Verskillende kleure balle
4. Water
5. Polistereen bakkies vir balle (opsioneel)

## Metode:

1. Maak die houers vol water en voeg kleursel by todat dit goed gekleur is. Ek het net twee lekker groot deurskynende houers gehad, die blou water se emmer was sommer haar sandpit se emmer.
2. Ek het die balle in polistereen bakkies geplaas sodat die balle nie weg rol nie en dat elke kleur mooi bymekaar is.
3. Ek het solank balle van elke kleur in die houers gevoeg sodat my dogtertjie kon sien daar is 'n bal in die houer.



Ek het toe vir haar vertel watter kleur is elke bal en toe wys ek haar ek gooi die groen bal by die groen houer, ensovoorts. Sy het dit net geniet om die balle in die houers te gooi en dan weer al die balle uit die houers te haal en dan te gooi op die grond. Die verskillende kleure water was ook vir haar interessant gewees en het lekker gespat en gespeel in die water.